# Woord in Aksie
## SUID AFRIKA

# Opleidings Handleiding



# Inhoud

1. Ontstaan van Woord in Aksie
2. Werksmetode
3. Algemene pligte van leiers
4. Wat verwag ons van ‘n Kleingroepleier
5. Wat gebeur deur die naweek
6. Groep Fasilitering
7. ‘n Paar scenario’s
8. Lesing Inhoud
9. Hoe groei ek in WIA
10. Wat glo ons by WIA
11. Geloofsoortuiging



# 1.
# Ontstaan van WIA




## 1. ONTSTAAN VAN WIA

Oom PD le Roux het 'n openbaring van God gekry oor die Geregtigheid van God. Oom PD le Roux is reeds oorlede maar sy openbaring oor die "Wet van die Vryspraak" (*Jak 1:25 Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen*) en die mens se onverdiende "Stand van Geregtigheid" voor God (*2 Kor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom*) word steeds oorgedra.

Oom PD skryf vele boeke maar die boek wat vandag nog by Woord in Aksie gebruik word is "Studies in die bevryding van die gees" wat in 1987 op die mark verskyn het.

**KORT JAAR GESKIEDENIS VAN WOORD IN AKSIE:**

| | |
|---|---|
| 1987 | Afskop van eerste mannekamp op Mabula terrein (23 manne teenwoordig) |
| 1990 | Beplanning van eerste vrouekamp |
| 1991 | Oom PD se afsterwe – Brigadier Chris Wehrman word aangestel as Voorsitter |
| 1991 | Nevil Norden word aangestel oor geestelike leiding |
| 1992 | Die droom ontstaan vir die eerste tienerkamp |
| 1997 | Aankoop van nuwe groter gronde: Bet-ELIM |
| 1998 | Gronde se naam verander na Woord in Aksie – Gauteng |
| 1999 | Warren Stroebel ontwerp logo en webwerwe. Registrasie van handelsmerk. |
| 2000 | Ander streke asook talle tienerkampe staan op, asook huwelikskampe |
| 2016 | Tans is daar 5 WIA streke asook 3 nuwe sub-streke |
| 2017 | 64 kampe is reeds bespreek vir die jaar |

## 2. Visie & Missie van WIA

► Om die boodskap van geregtigheid met mense te deel.
► Om mense in 'n lewende verhouding te bring met die Drie-enige God.
► Om die Woord van God in *AKSIE* te bring in mense se lewens
► Om mense van kampe af te stuur om in geregtigheid te gaan lewe – daders van die Woord te word, tot SY verheerliking.
(*Jes 61:3 om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking)*



# 2.
# WERKSMETODE





**Wat is die metodes wat WIA gebruik om hul Missie te bereik? (punt 2 op bl 3)**

D.m.v. kampe word mense aan die boodskap van geregtigheid voorgestel deur gebruik te maak van:

► Lofsang
► Lesings – waarby fundamentele waarhede uitgespel word.
► Kleingroepe (fasilitering, vrae vra, groepdinamika, maak 'punchlines' van afgelope lesings vas)
► Persoonlike bediening (1:1)

## Jesus ons Hoof:




Ons almal staan onder gesag. Maar by WIA is Jesus ons hoogste gesag. Streeksleiers is die gesag op die kampe, en uitvoerend die gesag om die tafel (direksie / bestuur van elke streek) en groepleiers. Ons vertrou almal saam dat leiers by die Heilige Gees gehoor het oor besluite wat hulle neem. As jy verskil oor besluite wat hul geneem het, bid dan net vir hulle dat hulle God se stem duidelik sal hoor, indien jy met ander praat en verskil dan "release" jy 'n gees van rebellie, en breek dit die eenheid in die groep. Ons bedien saam as 'n span, en vertrou saam die Here.



## Lofsang:

*Tydens lofsang word die geestelike atmosfeer voorberei vir die spreker se boodskap. Dit is belangrik dat groepleiers aktief sal deelneem aan die lofsang, dit is tydens die lofsang wat ons sekere geestelike werkinge ervaar in die gees, en wat ons geestes werking bind en in eenheid kom, dit bring ook salwing waar ons as span saam aanbid.*

## Lesings:

Die spreker is die kanaal waardeur die Heilige Gees tot die kamper spreek en die Woord vir hulle oopbreek. Die spreker moet die gehoor se aandag hou, en dit is baie belangrik dat elke spreker net sy/haar gedeelte van die naweek se boodskap sal neersit, en nie na die volgende lesing se inhoud beweeg nie. By die "punchlines" sal bly, en sal toelaat dat Streeksleiers inspraak gee na hul lesing. Die lesings volg 'n proses en dit is belangrik dat elke lesing deel van die proses bly en dat sprekers en kleingroepleiers daarby hou, en nie vooruit hardloop nie.




## Kleingroepe:

Die Kleingroep byeenkoms is die hartklop van ons Kampe, die groepe kom bymekaar na elke lesing om die inhoud van die lesing saam te vat en seker te maak dat elke Kamper verstaan en die inhoud deurgewerk het. Hierdie is 'n veilige omgewing waar elke Kamper die geleentheid het om in privaatheid vrae te vra, en bedien te word.






## Persoonlike Bediening:

Kleingroepleiers word aangemoedig om "one on one" bediening met kampers te doen. Maar hulle moet by basiese bedienings beginsels van WIA bly. Een leier mag nie 'n kamper wat by 'n ander leier ingedeel is bedien nie, tensy daar tussen die twee leiers ooreengekom is, dan moet beide leiers betrokke wees tydens die bediening. WIA is baie streng oor die reël dat mans, mans bedien en vroue die vroue. Ons laat glad nie oorkruis bediening toe nie.



## Gebed:

Gebed is die fondasie waarop alles gebou word. Tussen gebed en Jesus as die Hoof, sal die gebou bly staan. Voorbidding voor en tydens die kampe is baie belangrik, name van individue kan ook deur gegee word aan die bidders, en dan sal deurbrake bonatuurlik deurkom!! Intersessors moet geidentifiseer word, dis 'n gawe, en kleingroepleiers met hierdie gawe moet in die posisie help. Almal is bidders, maar nie almal het die gawe van Intersessie nie.




---

# 3.

# Algemene pligte van die leiers

## Leierskap


**"Wees sterk, staan vas, begin die werk! Moenie bang wees nie en moenie besorg wees nie, want God die Here, my God, is by jou. Hy sal jou nie aan jouself oorlaat of jou verlaat nie." 1 Kron 28:20**

### Leierskap begin by God!

Die Leier by Woord in Aksie (WIA) is iemand wat die hartklop van WIA alreeds opgetel het. Die druising daarvan pomp wonderwerkende krag soos die bloed van Jesus Christus oor elke faset en beplanning aangestryk word.
God se weg slaag altyd. Maak nie saak of hierdie weg vir die Leier altyd maklik kom nie, want soms kronkel die pad tussen berge en dale deur en voel soos 'n onbekende pad. Die Leier wat leierskap kies, wandel deur GELOOF, neem die nodige RISIKO'S, terwyl die waarheid van die Woord altyd onder oë gehou word.

God se salwing maak deure vir leierskap oop, Hy het reeds jare gelede begin om in jou "journey" om jou voor te berei vir die posisie.

"Where there is no Vision, the people perish"
Proverbs 29:18



Ons het 'n span leiers wat SUID AFRIKA nasionaal bedien.

Nasionaal het Woord in Aksie 7 streke nl:
Gauteng
Vrystaat
Natal
Richardsbaai
Polokwane
Oos Kaap
Wes Kaap




## Streeksleier:

- Die rol en verantwoordelikheid van die Streeksleierspaar is om volle verantwoordelikheid te vat van elke kamp.
- Die bestuur en bemarking van elke kamp.
- Hul moet verhoudinge bou in hul gemeenskappe, en hande vat met alle kerke en organisasies ter wille van die Liggaam.
- Hul hanteer geestelike verantwoordelikheid asook uitdagings van elke kamp.
- Een van die streeksleier se grootse verantwoordelikhede is om die Boodskap van WIA suiwer te hou.
- Hulle moet in sprekers se lewens in spreek, en selfs korrigeer na hul lesings.
- Algemene welsyn van kampers sowel as kleingroepleiers.
- Die Streeksleier is die hoogste gesag op elke kamp, en moet te alle tye ingelig word van alle voorvalle, hulle vat hande met hul bestuur vir leiding en raad.
- Saam met 'n mentorspan die kleingroepleiers oplei, en konstant voornemende leiers identifiseer.
- Die streeksleiers is ambasadeurs vir WIA in hul gemeenskappe en hul lewens moet deurentyd WIA se boodskap weerspieël.
- Dit is belangrik dat Streeksleiers ander paartjies om hul oprig as deel van hul span om te help met opleiding en bestuur.


## Mentors:

Die behoefte vir mentors het ontstaan op kampe om die kamp verantwoordelikheid vir die Streeksleier ligter te maak. Streeksleiers identifiseer vir hulle mentors.

- Mentors (sluit bestuurlede van die streek in) ondersteun die Streeksleierspaar in die uitvoer van sekere pligte en verantwoordelikhede




- Mentors is Geestelike mamma's vir die kleingroepleiers
- 'n Spesifieke mentor neem verantwoordelikheid vir die medisyne kas die naweek
- Mentors beweeg ook deur die kamers om te kyk  dat alle kampers in die saal teenwoordig is tydens lesings
- Mentors mag ook insit waar, 'n kleingroepleier dit versoek, by 'n 'one on one', met die goedkeuring van die streeksleier
- Mentors help ook met logistieke reëlings oor die naweek. Hulle help ook met gasvryheid en moet altyd reg wees om 'n kleingroep te neem, of oor te neem indien dit nodig is
- Mentors sit, van tyd tot tyd in by kleingroepe om te help om nuwe leiers te evalueer, of waar 'n gereelde klagte inkom vanaf die kampers oor 'n spesifieke groepleier
- Gebed is almal se verantwoordelikheid, maar spesifieke mentors word aangewys om die gebed vroeg oggende te hanteer, sowel as om Intersessors te wees voor en tydens 'n kamp, volgens die gawe wat hulle van Vader ontvang het
- Mentors speel 'n groot rol in die opleiding, onderhoudvoering en evaluering van kleingroepleiers
- 'n Mentor sal saam met 'n nuwe waarnemer onderhoude voer en enduit met haar die pad stap, totdat sy vrygestel word as 'n groepleier, sodoende kan die nuwe leier ondersteun word met vrae en persoonlike kwessies waarmee sy dalk hulp nodig het
- Mentors help ook met logistieke sowel as administratiewe rolle soos benodig gedurende 'n kamp
- Mentors speel ook 'n "gasvrou" rol teenoor kampers, en kan help om sprekers te ontvang en spesiaal te laat voel.




## *Kleingroepleier:*

- Sodra 'n kamper aanmeld of geidentifiseer word as 'n potensiële kleingroepleier, begin die proses met 'n onderhoud.

- Indien die mentors voel die kannidaat is reg, word die proses begin, en begin die kamper met moontlike een of twee kampe as waarnemer. Dit gee hom/haar die geleentheid om te sien wat agter die skerms gebeur en te besluit of dit regtig iets is wat hul voel die Here lei hul om te doen.

- Ons kan ongelukkig nie iemand gebruik wat nog rook nie, omdat WIA van mening is dat rook 'n verslawing is, en daar verwag word van tyd tot tyd van kleingroepleiers om mense te help om vry te kom daarvan. Die roker kan dus nie iemand bedien wat moet vrykom van rook nie.

- Indien die proses sou voortgaan word die waarnemer 'n hulpleier, vir 3 kampe gaan die hulpleier meer en meer lesings waarneem onder leiding van die kleingroepleier, en na 'n finale onderhoud, as mentors tevrede is met die proses sal die persoon vrygestel word as kleingroepleier.

- Die kleingroepleier neem verantwoordelikheid vir 'n groepie kampers na elke lesing, en maak saam met hulle die 'punchlines" vas, hoor wat het die kampers gehoor, en maak die boodskap vas indien die boodskap nie duidelik deurgekom het nie.

- Die kleingroepleier evalueer ook oor die naweek die kleingroep se 'vrykom" proses en stel hulself 100% beskikbaar vir die naweek om te gesels, te bid en te luister na hul groepie.

- Die kleingroepleier ken ook die kampprogram en is verantwoordelik om te help om kampers stiptelik by die program te laat hou.

- Die kleingroepleier bid deur die naweek vir haar/sy groepie en vertrou die Here vir deurbraak vir elke kamper.

- Kleingroepleiers maak die spreker se arms sterker deur te help net soos die spreker vra en aandui hulle van hulp moet wees.

- Kleingroepleiers bid ook Saterdae en Sondae oggende saam voor die dag begin.

- Ons verwag van kleingroepleiers om alle vergaderings, opleiding en leierskampe by te woon.

- Daar is sekere gedragskodes wat ons van leiers verwag. Dit word in volgende hoofstuk uiteengesit.

# 4.
# Wat word verwag van 'n kleingroepleier



**Die doel van 'n KGL – of te wel, waarom wil jy groepleier wees by WIA?**

- Wil kom dien (dink aan die tyd toe Jesus die dissipels se voete gewas het) – nie my meerdere kennis kom oordra nie
- Enige ander aanvaarbare rede – watter motiewe is daar in jou hart?
- ***LET WEL*** : Daar word NIE berading gedoen NIE. Ons help deur fasilitering en vrae te vra om die waarhede wat reeds in die lesings deurgegee is, vas te maak.

**ALGEMENE PLIGTE**

*Gedurende 'n bedieningsnaweek behoort die KGL ingestel te wees op die volgende:*

1) Voorkoms: Kleredrag is netjies maar nie te deftig nie. Net 'n trappie hoër as die gewone kamper is aanvaarbaar.
   Die volgende is ontoelaatbaar:

   a) Ontblote skouers, middel of lae hals.
   b) Oordrewe juwele, tatoëermerke, tong en neusringe.
   c) Kortbroeke by mans en dames nie korter as knie-lengte nie.
   d) Nousluitende of uitlokkende kleredrag soos ski-pants moet vermy word, 'n langer toppie daar oor word aanbeveel.
   e) Punkhare, slierte of buitengewone haarkleur - of tooisel.
   f) Wees ingestel op reuke en dra altyd iets by jou vir die asempie.

2) Stiptelikheid: Tyd speel 'n groot rol by WIA se stampvol program. Wees ingestel daarop om:

   a) Betyds by alle byeenkomste soos die lofsange en lesings, op te daag.
   b) Sluit die groepie op die regte tyd af.
   c) Wees self 'n voorbeeld van beheer, orde en stiptelikheid.
   d) Wees ondersteunend en moedig kampers ook aan om betyds op te daag.



3) Kennis & vaardigheid: Teorie en hoe om prakties iets te doen is aanleerbaar:

   a) Ken die **fokuspunte** van elke lesing.
   b) Ken die **hoof skrif** gedeeltes met betrekking tot lesings.
   c) Woon getrou alle **opleiding** asook kleingroepbesprekings by.
   d) Wees toegerus met die voorbeeld **rugsteungebede.**

4) Identifisering van nuwe potensiële leiers: WIA toon voortdurend nasionale groei en daar moet nuwe leiers/sprekers op verskeie vlak vir die bediening opgelei word. Daarom behoort die KGL ingestel te wees wie in die groep, leierseienskappe toon om moontlik verder opgelei te word.
5) Betrokkenheid is 'n gebedsaak, sommige kampers raak betrokke want dit is 'n roeping, vir iemand anders kan WIA dalk net 'n trappie wees na iets anders, ons bid saam en vertrou saam vir die pad vorentoe.



Kom ons dra Jesus soos 'n soet geur ... ons kroon van Heerlikheid.

## DIE VOLGENDE IS 'N VEREISTE:

- ✓ ***Geestelike volwassenheid:*** Gedurende die naweek behoort die Kgl agter te kom of die kamper in spraak-en-daad leierspotensiaal toon.
- ✓ ***Kampondervinding:*** Hy/sy moet ten minste 3-4 kampe oor 'n aanvaarde tydperk bygewoon het sodat die hartklop van WIA opgetel is.
- ✓ ***Geestesbetrokkenheid**:* Die kamper moet tuis ingeskakel en gevestig wees in 'n lokale gemeente of groep wat die 3-enige God aanbid.
- ✓ ***Verhoudinge:*** Die gesinsopset tuis moet gesond wees en die huweliksmaat se goedkeuring verkry word voordat die voornemende leier aanvaar sal word. Verstaan dat hul onder WIA se gesag staan, en deel die Visie saam met die span.
- ✓ ***Eie begeerte:*** Die identifiseerde leier moet sy eie harts - passie tot betrokkenheid toon en nie oorrompel wees met oorredende woorde nie.
- ✓ ***Bedieningsmoontlikheid:*** Dinge soos afstand, finansies, vervoer, tyd, gesondheid, ens. moet bespreek word voordat die leier verwys word na die mentor. Kan die persoon onderneem om die opleiding in 'n sekere tyd te voltooi?

## ALGEMENE MOETS EN MOENIES



1. Dit word aanbeveel dat die Kgl gedurende 'n kamp op die kampterrein sal oorslaap. Soms het kampers gedurende die nag ondersteuning of hulp nodig en is dit goed as die betrokke leier teenwoordig is. Kuier met mede leiers kweek groeps-eenwording.

2. Regdeur 'n kampnaweek is daar voortdurend gebede wat opgaan. Word deel van hierdie golf deur bidsessies by te woon. Sodoende word jou gees ingestel op insette vanaf die Heilige Gees wat nodig is tydens jou bediening.

3. 'n Kamper word nie uit die saal geneem of eenkant bedien tydens die lesings nie. Hoorders moet alle lesings bywoon en benodig die opvolg inhoud daarvan.

4. Waak teen 'n negatiwiteit. Kritiek teen sprekers wat dieselfde lesings oor-en-oor lewer, die kampgronde wat tekort skiet, ander kampers wat droogmaak ens, word nie bespreek nie; 'n positiewe, ondersteunende houding is van groter waarde en genereer eerder oplossings.

5. Tree in alles met Jesus se liefde vanuit jou hart op. So sal jy die mense wat vertroosting en warmte soek aantrek en 'n sterk pilaar word.

6. Hou administrasie op datum en handig betyds nodige vorms in.

7. Geen KGL bedien 'n ander KGL se groeplede sonder sy/haar toestemming nie. Hierin word verwag dat albei Kgl's teenwoordig sal wees. Kampers bedien ook nie ander kampers nie. Verwys hierdie sake na die Streeksleiers

8. Onthou om die persoon van die daad te skei. Alhoewel ons die sonde haat, word almal gelyk en met wysheid behandel.

9. Indien jy die antwoord op 'n vraag nie ken nie, verkry hulp vanaf 'n mentor. Keer dan terug na die ondervraer met 'n defnitiewe antwoord of oplossing.

10. KGL bespreek nie op die terrein of in kamers enige negatiewe of ware gebeure wat in die groepopset plaasgevind het nie. Mure het ore en is daar vasgestelde besprekingstye daarvoor vasgemaak.

11. Moenie skroom om openlik met leiers te praat wanneer 'n probleem in die groep uitkom nie. Soms is daar botsende persoonlikhede of ander probleme wat ons nie bevoeg is om te hanteer nie.

12. Beskerm altyd Woord in Aksie se naam. Een negatiewe storie kan 100 positiewe stories vernietig. Sien dit eerder as 'n voorreg om deel van God se werk uit te maak.

13. Dit word ook van die KGL verwag om aktief betrokke te wees by 'n lokale gemeente, selgroep of bybelstudiegroep.

# 5.



## Wat gebeur deur die naweek?

**Voorbereiding**

- Begin reeds voor die naweek – gebed, regte fokus, afhanklikheid van die Heilge Gees.Vas as die Heilige Gees dit op jou hart druk
- Wie is jou bron? Job 12:13,14,22& Dan 2:20-23,28
- Versterkinkie: *Klaagl 3:24-26 – Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom. Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na Sy hulp vra. Dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here*
- Eie kennis, vermoë, vorige suksesse kan gevaarlik wees! Elke kamp is NUUT en ANDERS!!
- Gaan lesings deur, maak seker dat jy elke lesing se 'punchlines' ken!
- Neem 'n wilsbesluit om saam te trek met mede kgl's, stiptelik te wees en eenheid na te streef. Leer om ook na jou mede kgl's te kyk deur die oë van Jesus. Hy's nog met elkeen van hulle besig!
- Vader wys my asseblief my eie hart!!
- Niemand kan jou deel maak van die kgl's nie! Dis 'n wilsbesluit van jou kant af om self in te beweeg!



- **Tree reeds in vir jou Groepie voor die kamp :**
  Gebed as ek Vrydagaand in saal instap – *Here hier iewers sit n groepie vroue of manne wat U aan my toevertrou vir die naweek. Help my om hulle deurentyd deur Jesus se oë te sien en hulle die hele naweek te bedien met Jesus se liefde en die Heilige Gees as my Helper*.
- Hulle is aan jou toevertrou vir die naweek; Jy is in beheer, tree in outoriteit op! Vir die groepleiers, begelei jou hulpie; hy/sy is in opleiding!
- DOEL: Dien in liefde en met 'compassion'
- Besluit hoe jy groepie vertrek gaan inrig om groep te akkommodeer. (Hang van kamp terrein af) – om in ‘n sirkel te sit is die beste – hoe nader aan mekaar hoe meer intiem, nie om ‘n tafel nie.
- Eerste kontak 'maak' of 'breek'; wees innemend, liefdevol. Hou in gedagte: almal is (behoort) vreemd te wees vir mekaar.
- Maak seker dat niemand mekaar ken nie; ruil uit met ander groepie indien nodig.
- Probeer om altyd te open en af te sluit met gebed! Moenie van iemand verwag om te bid as hul aandui dat hul nie die vrymoedigheid het nie! Dit skrik af. Vra of daar iemand is wat wil bid – so nie, doen dit self.
- Rangskik so dat oog kontak en hande vat moontlik is.
- Aanraking is belangrik en soms 'n behoefte! Dit gee ‘n boodskap van omgee en ondersteuning in die groep
- Open met kort gebed, moenie tranerig of prekerig word nie.
- Moedig aan om Bybel te bring. Stel op gemak deur te erken dat ons almal daar was; moes ook Bybel leer ken en leer waar om vir boeke te soek!! Beklemtoon dat ons hier is om van mekaar te leer!!



MINISTRY is Messy

Because SIN is Messy!!

So get a MOP, and help

Cleaning up the PEOPLE

Around you!!

**Vrydagaand Sessie –(spel ook reels uit!)**


(Dit maak deur oop sodat ek praters kan stil maak en gesprek kan stop as dit oor sekere onderwerpe gaan)

- Verwelkom: gee geleentheid om bekend te stel, wie, waar vandaan, hoeveelste kamp. Herinner, geen werk, kerk en dogma!!
- Verwagting? Laat hulle dit hardop se, teken dit aan….Jy hoor waar hulle staan en wat hul ingesteldheid is.
- Maak naam lysie, leer hul ken, weet wie was al op kampe.
- Verwelkom VERAL eerste kampers, dis baie spesiaal vir hulle!
- Ysbreker: Waar staan jy met jou verhouding met God op ‘n skaal van 1-10?
- PASOP om nie Vrydag aand af te dwaal na aanleiding van almal/enkeles se pyn en seer nie; die naweek lê nog voor. (Ek hoor jou seer, maar jy sal antwoorde kry deur die naweek)
- Moenie vrae vra waarop die antwoord net ja/nee kan wees nie.
- Geen kerk, werk, dogma nie. Fase 1 kamp, Woordvat kamp.
- Indien daar moeilike vrae is, (dogma, of kontroversiële vrae) bespreek dit met die individu na die groepie. Indien jy nie aan die einde van die kamp ‘n antwoord het nie, bespreek dit asb met jou streeksleier.
- Wees versigtig vir eie opinie, dit word 'WIA se opinie'
- Elkeen in groepie moet geleentheid kry om te praat: as iemand te veel uitbrei, neem sy/hy ander se tyd op. Waarsku dat jy sal stil maak.
- Groeplede moet versekering kry dat NIEMAND in die groep na buite sal praat oor groepsgesprek nie! Hul moet veilig voel om seer te deel, oop te maak! Dis 'n goeie gedagte om Vrydagaand van elkeen mondelings 'n 'commitment' te kry dat hulle nooit, selfs na die kamp, sal praat oor sake wat in die groepie bespreek is nie.
- Waarsku dat lesings nie vooruit geloop sal word nie; omdat jy lesing inhoud ken, weet jy as iemand se probleem aangespreek sal word die Saterdag; noem dit sodat hul HOOP het dat hul probleem aangespreek SAL word en hul dus sal uitsien na die lesings.
- Skep ALTYD positiewe verwagting! (Pasop!! Dis dikwels 3e, 4e en meer kampers wat lesings vooruit loop omdat hul inhoud ken en maklik vooruit antwoorde kan/wil gee.) Hoe tree jy op? 'Ek hoor wat jy vra, maar as ek jou nou antwoord benadeel ek jou of een van die ander in die groep
- Lê klem daarop dat God jou ontmoet op die vlak van jou verwagting: Jy kan Hom nie onkant vang deur te veel te verwag nie.
- Moenie op die ry af vra nie: dit hou almal op hul tone.
- Vrae wat nie met lesing verband hou nie: 'Dis 'n interessante vraag, maar kom ons bepaal ons eers by die afgelope lesing' Maak tyd vas om na die groepie, die vraag wel te antwoord!

- Jy kan nie 'n skrif onthou nie! Erken dit! Vra na afloop van die groepie hulp met die opsoek daarvan sodat dit later aan die groeplid gegee kan word! Ons doen dit almal dikwels!!
- Kgl's en hulpleiers weerspreek mekaar NOOIT in die groepie nie! Indien daar verskille is, word dit na afloop van die groep bespreek en redes vir optrede verskaf. Sulke optrede is fataal vir gesag.
- Wees versigtig vir opmerkings soos: 'Ja maar..' Ek hoor wat jy sê maar...'Ek stem nie met jou saam nie, want...' Hierdeur plaas ek die kgl se integriteit onder verdenking, vertroue word geskaad!!

**Tydens lesings:**

- ✓ Skryf interessante opmerkings neer wat die spreker dalk mag maak dis dikwels 'n kosbare bron vir gesprek!
- ✓ Skryf jou eie vrae neer n.a.v lesing!
- ✓ Jy ken jou groepie: besluit uit die lys van vrae op 'n paar vrae wat jy kan stel om hulle aan die praat te kry!



- ✓ Probeer om gedurig jou groepie in die oog te hou sodat jy kan sien hoe hulle reageer, veral tydens uitnodigings.
- ✓ BID vir die spreker asook vir 'n openheid by jou groeplede om die waarhede te aanvaar en op hulself van toepassing te maak. 2 Kor 4:4
- ✓ Woon groepleiersbyeenkoms by om saam te bid, gesamentlike eenstemmige gebed is ononderhandelbaar en is die krag waaruit ons put deur ons op ons Vader te beroep!
- ✓ Wees betyds vir lesings in die saal; GEEN bediening vind plaas tydens lesings nie, aangesien kampers ELKE lesing se inhoud nodig het.
- ✓ WIA se deur is altyd oop vir probleem oplossing, moenie net wegbly as jy ongelukkig is oor iets nie, ons sien nie iets as kritiek nie, as ons betyds weet van probleme, kan ons as bestuur dadelik help daarmee.
- ✓ Indien jou groepie na 'n ander lokaal verskuif, moet ons asseblief daarvan weet; kom sê waarheen julle verskuif.

- ✓ Hou admin op datum en handig betyds die nodige vorms in asb.

Algemene reëlings:

- ✓ Stel jy die voorbeeld van nie rond beweeg of te praat tydens lesings nie. Dit bly hinderlik vir kampers sowel as die spreker! Veral agter in die saal… almal kan dit hoor, al fluister julle.

- ✓ Hulpies word by verskillende kgl's geplaas om verskillende metodes van optrede te sien. Hier tussen moet jy jou metode vind om vorentoe JOU eie groepie te bedien! Weerhou kritiek uit jou hart en behou dit wat goed was! Ons leer nog almal.

- ✓ Kleingroepleiers byeenkomste word stiptelik bygewoon

- ✓ Al is ons besig, stel jouself ten doel om elke kamper en ander kgl beter te leer ken. Eet saam, drink saam koffie, bid saam met mekaar.

- ✓ Wees gehoorsaam aan die stem van die Heilige Gees en bedien moontlik 'n mede kgl of hulpie / waarnemer! Almal het bemoediging en positiewe inbou nodig!



# 6.
# Groep Fasilitering

*Fasilitering – hou die volgende in gedagte / wenke*

Vermoë van die groepleier om al die lede in die groepie by gesprek en oplossings soek, te betrek op so 'n wyse dat 'kletskouse' beheer word en die stilles beurt kan kry om te praat.

‘n Groepleier besef sy/hy fasiliteer net en vat antwoorde aan die einde van gesprek kortliks op so 'n wyse saam dat groeplede dink 'hulle' het die waarhede kwytgeraak. Onthou daar is ‘n groot verskil tussen fasiliteerder, berader en prediker. Ons doen nie berading nie, ons  fasiliteer oor  die naweek.  Jy is daar om die lesings te vergemaklik – wees sensitief vir die wat dalk verkeerd verstaan het – wees sag en liefdevol!

- ***Baie praters*** – Erken insette, maar kom ons gee ander ook ‘n kans – neem hul een kant na sessie en se jy kan hul passie sien en vra dat hul jou help en vir die groepie intree en bid tydens die sessie … of vat so sagkens aan hul hand / been – maak oogkontak en wees ferm en liefdevol en vra om ander ook gou ‘n kans te gee.

- ***Stilles*** - Gaan aan noem by NAAM en kyk vir iets persoonliks wat jy kan gebruik om hulle te betrek. “Jy is kosbaar,  ons wil graag hoor wat jy beleef het met die lesing”

- ***Huilerig*** - Bemoedig dat antwoorde sal kom, bid vir kamper *one-on-one*, verseker hom / haar dat hul probleme aangespreek sal word deur die loop van die naweek. Dis waarom dit belangrik is om alle lesings by te woon, verseker haar dat haar probleem deur die loop van die naweek aangespreek sal word.

- ***Geen vloei*** - Wees self gemaklik, opreg, belangstellend, deel iets van jou eie ervaring – sonder om te preek of lang verhale te vertel. Moet liefs nie stories oor ander vertel nie, bv jou suster of vriendin nie, kampers wil met jou identifiseer.




## Groepdinamika:

Groepdinamika is: dat elke kamper ‘n ander idee, opinie, oortuiging, sienswyse, persoonlikheid het, soos bv stilles, praters, geestelike sterk/steak en sekere jong/melk kampers, en as leier fasiliteer jy die groep dat almal hul insette kan lewer.
Dit is om die gesprek soos ‘n bal in jou groepie rond te gooi, almal te laat deelneem, en almal te laat voel hulle insette is belangrik vir die hele groep!! Moet nooit self die antwoord gee wanneer iemand iets wil weet nie, brainstorm dit in die groepie sodat dit vir hulle voel hulle het self geantwoord. In die begin gaan dit vir jou moeilik wees, maar met oefening raak dit al makliker.
*Wees ingestel daarop dat die groep heeltyd moet kook!*

*Hier is ‘n paar fasiliterings idees:*

a) Gooi die bal rond deur te vra: *“Johan, stem jy saam met Chris?”* Bring almal in die kring in.

b) Indien die groep werklik tot ‘n doodse stilte stop behandel ‘n skrif van die lesing (vanuit verskeie vertalings) en tel die vrae weer op d.m.v. die skrif.

c) Indien iemand iets wou sê, maar in die rede geval word, moet jy terugkeer en hoor wat hy wou sê. Anders word vrymoedigheid minder.

d) Noem kampers op hul naam, dan weet die persoon jy gee om vir hom.

e) Hanteer die persoon wat ‘n kletskous is ferm maar wys. Wees ook bewus van die introvertiese stilkous, sodat jy hom subtiel nader intrek.

f) Indien die groep tot stilstand kom, vertel jou eie getuienis of ‘n gebeurtenis vanuit ‘n vorige kamp om die draad weer op te tel. Moenie name noem nie.

g) Kleingroepleier moenie meer as 25% praat nie.

# DRIE TIPES VRAE WAT ONS VRA IN GROEPIES.

Voorbeelde van Skeppingsdoel:


- ***Algemene Vraag:***
  Dit is letterlik ‘n algemene vraag.
  Vraag: Wat het jy beleef / gevoel / gehoor / of het vir jou uitgestaan?
  Vraag: Watter areas in jou lewe heers jy nog nie?
  Vraag: Wat verstaan jy onder skeppingsdoel / liefdesverhouding?

- ***Woord Vraag:***
  Laat elke kamper hul bybels oopmaak en lees terwyl iemand in die groep die vers lees. Bv Joh 3:16 Want so lief het God vir (sit jou naam in) gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat (jou naam) wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
  Wat beteken wêreld? Is dit almal?
  Vraag: Wat beteken/verstaan jy onder wedergeboorte en bekering?

- ***Hart Vraag:***
  Vraag by Skeppingsdoel: Vertel my van die dag wat jy Jesus as Verlosser en Saligmaker aangeneem het.
  Verduidelik waarom dit belangrik is.
  Maak wedergeboorte vas by elke kamper.
  Moet niemand dwing nie.
  Dit is ‘n keuese wat elke persoon self moet neem.

  Waak teen oop en geslote antwoorde, so moenie vraag vrae wat die antwoorde net “ja” of “nee” kan wees nie, dit gaan dadelik kommunikasie blok.

**Saadstelers:**



Waarsku dat lesings nie vooruit geloop sal word nie, omdat jy lesing inhoud ken, weet jy as iemand se probleem Saterdag aangespreek sal word. **NOEM** dit sodat hul **HOOP** het dat hul probleem aangespreek **SAL** word en hul dus sal uitsien na die lesings. Skep **ALTYD** positiewe verwagting! (Pasop!! Dis dikwels juis 3 de en 4de en meer kampers wat lesings vooruit loop omdat hul inhoud ken en maklik vooruit antwoorde kan/wil gee. Hoe tree jy op? "Ek hoor wat jy vra, maar as ek jou nou antwoord, benadeel ek jou of een van die sussas in ons groepie."

## Riglyne om iemand na die Here toe te lei

Wedergeboorte is 'n keuse, en jy mag nie iemand dwing of forseer om die gebed te bid nie. Dit moet uit vrye wil gebeur, want dit gaan hulle kos!!

1. **Dit gaan jou tyd kos.**
2. **Dit kan jou jou finansies kos.**
3. **Dit kan jou sekere vriendskappe kos.**
4. **Dit kan jou sekere gewoontes kos.**

*1 Ek moet wedergebore word om die ewige lewe en God se geregtigheid te kan deel:*

Joh 3:3-6 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?

Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

*2 God het alle mense lief:*

Joh 3:16-17 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.

Rom 5:8…maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was'.

*3 Almal is sondaars:*

Rom 3:23…want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die Heerlikheid van God'.

*4 God se oplossing vir sonde:*

Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genade Gawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here'.

Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het HY mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo'.

*5 Jy kan nou gered word:*

Opb 3:20 'Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My Stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy saam met My'.

Rom 10:13 Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep,sal gered word.

*6 Kan ek weet dat ek die ewige lewe het?*

Rom10:9,19 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid, en met die mond bely ons tot redding'.

1 Joh 5:13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, enkan glo in die Naam van die Seun van God'.

*7 Bid - God se oplossing:*

Bid nou en bely voor God dat jy `n sondaar is, dat jy glo dat Jesus ook vir jou sonde `n volle prys aan die kruis betaal het; dat Hy vir jou verlossing opgestaan het, en dat jy Hom aanneem as jou Verlosser en jou Here. Dank Hom vir die ewige lewe wat NOU vir jou begin en dat jy in Hom `n lewe van oorwinning en vervulling kan hê. Dank Hom dat Hy van hierdie oomblik af na jou kyk asof jy nog NOOIT gesondig het nie.

(Bostaande is slegs ‘n riglyn. Pas aan by omstandighede. Al die Skrifgedeeltes hoef nie noodwendig gebruik te word nie.)

NB: Laat die Heilige Gees jou lei!

VB – Vader ek kom na U as ‘n verlore mens en bely dat ek Jesus nodig het. Dankie Jesus dat U vir my sondes gesterf het. Ek maak nou die deur van my lewe oop en neem U as my Verlosser en Saligmaker aan. Vergewe my asb al my sonde en verkeerde lewe, kom was my sondes weg met U bloed. Kom neem die plek op die troon van my lewe in en maak my die soort mens wat U wil hê ek moet wees. Dankie vir my wedergeboorte, ek bely ek is nou ‘n weergebore Koningskind.
In Jesus Naam amen.

# 7.

# 'n Paar scenario's

**Persoon gee voor vriende het: huweliksprobleme, kinders kry swaar, sy wil help en weet nie hoe nie –**

Dit kan moontlik hul eie probleem wees.

Wag dat groep terugvoer gee – kyk na reaksie

Gee hoop – wag vir beklee lesing

Vra vrae om by die wortel uit te kom

(kommunikasie/ mishandeling/ ander verhouding)

Ken hul die Here

Na beklee maak ORDE vas

Efes 5: 22 / 1 Pet 3 / 1 Kor 11



- Beveel volgende huwelikskamp aan

**Jong persoon in jou groep: Pa haat my / Wil wegloop / Moes nie gebore gewees het nie *word verwerp en dan verwerp hulle – dan begin self-verwerping (sny self, pille, verwaarloos)**



Herstel VADERHART beeld – God is nie soos jou pa nie.

Duiwel slag, steel en verwoes

Wat gebeur het is nie jou skuld nie

Gebore met 'n plan – God het plan vir jou en pa

Ps 139 – God het 'n doel vir jou

Maak wedergeboorte vas.

Verduidelik Pappa is ook gebroke

Ps 139 / Jes 43:1-5 / Joh 10:10

## Vrou / Man pas geskei / Huil aanmekaar

Troos / Bemoedig

Hanteer vergifnis

Hanteer verwerping

God haat nie egskeider nie, net egskeiding

Hoor of versoening moontlik is,

veral na beklee lesing

Jes 61: 3, 7 / Mal 2:16b



- Indien die situasie te erg is en jou groep te veel ontwrig word, kry eerder mentor om die persoon alleen te sien.
  - Mag NOOIT egskeiding aanbeveel nie!! Kampers gaan uit en sê WIA het gesê…



## Kind in groepie: Ouers geskei / baie kwaad

Dis nie jou skuld nie

Dis nie God se straf nie

Vergewe beide ouers, of moontlik 3de party

Beskerm hulle teen mekaar

Eer hulle

Nog steeds jou ouers

God laat alles ten goede meewerk vir die wat HOM liefhet.

Jer 29:11 / Joh 10:10

## Depressie / Dink aan Selfmoord, of het al probeer

**Mag nie voor wandel hanteer word nie…**

Leuen bring vrees, bring spanning, bring angstigheid wat lei tot selfmoord

Joh 10:10 / Joh 8:44 / Jes 43:1-4

Herstel waarde - Gee Hoop – JESUS

Soek wortel – bv eedswering, vloeke , bitterheid

Medikasie – mag NOOIT aanbeveel om medikasie te stop nie, dis ‘n stelselmatige proses (eie journey)

Vervang leuen met die WAARHEID

Vergifnis – self, God (as jy kwaad was vir God, Hom beskuldig het, vra jy Hy moet jou vergewe) en ander

Indien nodig, bestraf  Doof & Stom gees; Joh 8:44

## Geliefde Oorlede:

**Hanteer eers na wandel:**

Siekte / Ongeluk / Moord / Selfmoord

Fases van Verlies: Ontkenning, Woede, Aanvaarding, Onderhandel, Depressie, Moed opgee

Troos – kan maar huil

Nie God se skuld of Sy wil dat kinders jonk sterf nie

Vergewe – Here, persone verantwoordelik

Neem afskeid en release

Herstel GOD Beeld – Pappa

Almal gaan dood en die troos lê in WAARHEEN ons gaan




## Gemolesteer / Verkrag

Joh10: 10 / Jes 61:7 / Ps 18:6

Dis nie jou skuld nie

God nie verantwoordelik nie, ons lewe in gebroke wêreld

Duiwel slag, steel en verwoes!!

Vergifnis – 3de persoon, God (as jy kwaad is, of was vir

Hom oor iets wat gebeur het,vra vergifnes ), self

God genees – laat Hom toe om te genees…

Daad was in liggaam – HERNU DENKE

Jou waarde nog dieselfde



## Ek het ongeluk veroorsaak

Hanteer vergifnis – vergewe jouself

Gaan vra vergifnis

Hanteer skuldgevoel – gee dit vir Jesus

Hanteer vrees

## Derde Party in die Huwelik

Dit is nie God se wil nie

Hy keur dit nie goed nie

Ontrou in 3 areas: geestelik / emosioneel / fisies

Vergewe dadelik – vyand verloor houvas


Getuig oor krag van gebed

Bemoedig – God eer verbond – Hy is aan jou kant

# 8.
# Lesing Inhoud

**Die eerste 2 lesings is GOD se werk**
**Wandel is MY verantwoordelikheid**

1 Skeppingsdoel
2 Stand van Geregtigheid
3 Wandel in Geregtigheid – (2 lesings)
4 Saad van die Woord
5 Heilige Gees
6 Beklee jou man/vrou
7 Dapper Harte- (Opsomming)



**1. Skeppingsdoel:**
DOEL - Om mense in 'n persoonlike verhouding met God te bring-liefdesverhouding. Ons is gemaak om te heers en om God se Koninkryk uit te brei. Om vrugbaar te wees. God se liefde vir ons, ons is "spesiaal". Hy droom oor ons, en het 'n plan vir ons lewens. Ons is beeldraers van God, en geseëndes.
Verduidelik Liggaam, Siel en Gees (1 Tes 5:23)
FOUT / LEUEN – Die fout het ontstaan in die tuin van Eden waar Satan die mens mislei. Hy probeer ons verhouding beskadig, wat lei tot sonde met die mens wat verkeerde keuse maak. Die gevolg is dood (geestelik) en skeiding tussen mens en GOD. Sonde = in Grieks hamartia beteken letterlik 'to miss the mark'
OPLOSSING of HERSTEL – Jesus se werk aan die kruis – God se liefde vir my: maak regte keuse en kies Jesus –Verskil tussen wedergeboorte (eenmalig) en bekering (elke dag/heiligmakings proses). Maak wedergeboorte vas Vrydagaand. Moenie wedergeboorte goedkoop maak nie – dit gaan jou kos, dis duur, dit gaan jou die volgende kos: self verloëning / tyd / geld / kan jou familie kos / kan jou vriende kos.
Jy kan die skrifte byderhand hou in jou groepie.
Gen 1:26-28, Joh 3:3, Joh 1:12, Joh 3:16, 1 Kor 1:9; 1 Joh 4: 9-10

**2. Stand van Geregtigheid:**
Wat beteken Geregtigheid? (Eng: to be in right standing with God) – om voor God te staan sonder blaam, sonder skuld asof jy nooit gesondig het nie – rein soos God deur Jesus.
Saak is afgehandel – Ons is nou versoen – (2 Kor 5:17-21, Joh 1:9, Rom 5:17)
Dit is my stand voor God wat reg is, a.g.v wat Jesus vir my gedoen het, dit het niks te make met wat ek doen nie. My kondisie bepaal nie my posisie nie. God kyk na my deur die oë van Sy Seun, Jesus.

**2 Goue Reëls**:

**1.Glo in jou absolute Vergifnis!!** Jy is vry deur JESUS, jy kan niks by doen nie, dit is ‘n volmaakte geskenk van God.

**2.Noem jouself wat God jou noem** – Duur gekoop / waardevol / kosbaar / Hooggeag dws Vrygespreek / Koningskind / Wedergebore / geliefd

Ek is NIE MEER ‘n arme nietige sondaar nie!! Ek is nou ‘n Koningskind!

Kruis – Werk aan kruis is afgehandel verlos uit mag van duisternis oorgebring na Koninkryk van Lig. Seun van Liefde. (Kol 1:13)

My nuwe Identiteit. God sien my asof ek nooit gesondig het nie. Jesus se bloed het my gekoop en skoon gewas. Ek is nou nie meer ‘n slaaf nie, maar vry. Persone moet goed ingeligte besluite kan neem.

Dit is ‘n afgehandelde werk, ek en jy kan niks doen om dit te verdien nie, dit is verniet, ons moet dit glo en aanvaar.

Geen veroordeling nie (Rom 8: 1-2) Skuldbrief is uitgedelg (Kol 2:13-15) Skeidsmuur afgebreek. Ons is nou versoen (2 Kor 5:17-21)

NB – moet nie in bevryding ingaan nie – verstaan eers 100% wat aan die Kruis gebeur het. Gee jouself ‘n punt uit 10… hoe jy dink God sien jou?

LW – Vergifnis: vergewe ander & jouself word in WANDEL gedoen

Skrifte wat jy byderhand kan hou vir jou groepie.

Kol 1:13, Rom 8:1-2, Kol 2:13-15, 2 Kor 5:17-21, Rom 10:10, 1 Joh 1:9,
1 Pet 2:16




**3 Wandel in Geregtigheid: (2 lesings)**

Stand = Dit wat God reeds gedoen het – dit wat aan die Kruis gebeur het

Wandel = Dis jou verantwoordelikheid om jou gedagtes te vernuwe en **die Leuen te vervang met waarheid**. Ek het ook iets om te doen… Vry te spreek, Lewe te praat …Mag van tong, te glo, Op woord te staan. . Maak klaar met verlede. Ek kies self tussen lewe en dood. Bevryding van Sondebewustheid.

- Verwerping:
- Hanteer vergifnis in detail

Vergewe jouself

Vergewe ander – veral jou eie aardse pappa – skei persoon van die daad.

Vra God om jou te vergewe as jy kwaad was vir HOM oor iets

Onthou – vergifnis regverdig nie wat die ander persoon gedoen het nie.

Dit keur nie die oortreding goed nie. Dit maak jou reg / voel verlig Vergifnis is ‘n vrywillge keuse en ‘n elke dag proses!
Onthou: Vryspraak is die basis – wys Liefde – Mense is spesiaal – Moenie uitsprake maak nie en moet nie beskuldig nie

EN: om te vergewe is nie goedkeuring van die daad nie, maar dit gee bevryding (bv. Verkragting ens.)
Vergifnes is ‘n keuse, nie ‘n gevoel nie. Dit is nie ‘n emosionele besluit nie. As “ek” onttrek, gee ek vir die eerste keer die persoon heeltemal in God se hande om die saak op Sy manier te hanteer!

- **Verslawings** –*nie chemies* – Dobbel, tegnologie, internet, selfoon, kooplus, seks en pornografie, perverse, werk, oefening, sport, sosiale media
  *Chemies* – Nikotien, alkohol, dwelms.Vals troos. Pille

- Etikette – dinge wat vir en oor jou gesê is as kind.

- Eedswering – Dinge wat jy gesê het wat bindinge oor jou bring bv “Ek sal nooit weer ‘n man vertrou nie”
  ***Gebed :*** Here ek bely vandag dat ek hande gevat het met dood deurdat ek die volgende gesê het……….ek weet daar is mag in my tong en ek kom vandag en ek breek en kanselleer hierdie ooreenkoms en woorde in Jesus naam!! Ek breek alle bande en invloed wat dit op my lewe gehad het en verklaar die waarheid wat U sê oor hierdie saak en dit is…........

- Vloeke –
  ***Gebed:*** Jesus U het die vloek vir my aan die kruis betaal en ek is nie meer langer ‘n slaaf daarvan nie, vandag kom sê ek, vyand jy’t genoeg by my gesteel en ek gaan dit nie meer toelaat nie!! Hierdie bloedlyn vloek… (noem dit by die naam) kanselleer ek nou in Jesus Naam en ek trek ‘n streep vandag. Here vergewe my dat ek dit, of hierdie leuen aanvaar het as die waarheid in my lewe en nie dit wat U vir my aan die kruis kom doen het nie, dankie dat ek nou kan verklaar in Jesus naam dat dit gebreek is!! Dankie Jesus dat U bloed hierdie vloek toemaak, ek vergewe ook my voorouers wat die deur oopgemaak het vir hierdie vloek om wettig te kon wees in ons familie, ek spreek hulle vry en vra ook Vader dat U hulle sal vergewe.
  Gal 3:13

Okkulte



***Gebed:*** Here ek kom bely vandag dat ek betrokke was by ….....opsoek na die' super natural' en dat ek U nie erken het as die enigste en waaragtige God nie, ek bely dat ek betrokke was by die aanbidding van ander gode en ek vra dat U my sal vergewe. Dankie dat U sê dat as ons vergifnes van U vra dat ons dit ontvang! Ek breek nou alle bande met….....en ek draai my rug daarop!! Ek aanvaar Jesus as my Koning en ek vra dat U my sal help om my gedagtes te hernu en U aangesig te soek in alle sake in my lewe. Ek verklaar dat Jesus Christus die seun van God is en dat Hy in die vlees gebore is, en ek verklaar vandag dat Jesus Christus my enigste Koning en Verlosser is.

- Siels bande *** moontlik eers by beklee lesing ***
  ***Gebed:*** Here ek bely vandag dat ek in 'n sondige verhouding is/was met…....en ek vra dat U my sal vergewe omdat ek ons verhouding toegelaat het? Ek breek vandag alle fisiese/seksuele/emosionele en geestelike bande met…..Ek sny dit af in Jesus naam. Ek vergewe….....dat hy/sy hierdie verhouding toegelaat het en ek spreek hom/haar vry in Jesus Naam!! Ek vergewe myself omdat ek hierdie verhouding toegelaat het en ek dank U Here dat ek skoon gewas en duur gekoop is deur die bloed van Jesus Christus. Here genees my hart asb na hierdie verhouding en genees ook …...se hart. Dankie dat U my vergewe het en dat ek kan vry wees van alle bindinge met….....wat nou finaal gebreek is.
  Ek maak nou hierdie deur toe en ontsê die vyand die reg tot verdere toegang.

- Vrees – dood, siekte, fobies, mislukkings, toekoms ens.

- Hanteer dood van 'n geliefde – laat gaan. Siklus van rou: Ontkenning, Woede, Aanvaarding, Onderhandel, Depressie, Moed opgee

- Selfmoord / Selfmoordgees
  Depressie / Hoogmoed / Trots

- Onvergewingsgesindheid – Haat & bitterheid – OORSAAK – Verwerping/Egskeidings/Mislukte sake transaksies / ouers / teleurstelling / molestering.

  Skrifte om byderhand te hou:
  Efes 1: 7, Rom 8:1, 2 Kor 5:17
  Kol 1:13,14 Kol 2:62 Kor 5:18 1 Kor 2:16 Efes 1:7 Jes 43:25,26
  Gal 3:13 Spreuke 18:21 2 Tim 1:7 1 Joh 4:18 2 Petr 2:19 1 Joh 1:6,7

**4. Saad van die Woord**
Mense moet lus word om die Woord te lees na die lesing. Motiveer mense om die Bybel te lees met die hulp van die Heilige Gees (maar nie te veel uitbrei nie, want die Persoon van die Heilige Gees is 'n lesing op sy eie)
Praktiese wenke vir stiltetyd, getuig wat werk vir jou – stel voor begin by Johannes, en dan briewe van klein Johannes, Matteus, Markus, Lukas, die Psalms en Spreuke tussen in.
Gebruik onderwerpe om jou te inspireer om verder ondersoek in te stel bv Engele, Dissipelskap, Liefdesverhoudings, Die Konings van die Bybel, Skeppingsverhaal ens
Kry die Woord in jou Gees!



Tydsbeplanning
Gebeds idees, Skrif bid bv Psalms
Persoonlike gebed en gebed vir ander
Vra vir beloftes uit die Woord en bid dit
Gebruik middels soos:
Notaboek, gebedsjoernaal, merkpenne, musiek
Memoriseer skrif, skryf in jou bybel.
Kleur skrifte in.
Kyk gerus na ander vertalings om te verstaan maar WIA gebruik OAV 1933 en KJV.

Mark 4, Spreuke 18:20-21 – Tipe saad / mag van die tong / vrug, Eff 6:17 – Swaard, Jes 55:11- Reën en sneeu, Rom 10:8, Jer 23:25-29, Jess 55:10,11, Ps 1:1-3, Hos 4:6,1 Petr 1:23, Hebr 4:12, 2 Tim 3:16

**5 Beklee jou man/vrou**
Hoe ontklee ek? Wat is beklee?
Rol & verantwoordelikheid van die man en vrou
God se orde in die huwelik.
Man die hoof en outoriteit, Koning, Priester en Profeet van sy huis.
Vrou kies om onderdanig te wees aan haar man as 'n diens aan Christus.
Kinders, Diere, Plante. Nageslag.
Praktiese wenke.
Grenslyne: kinders dissipline / finansies / vriende
God se orde is die kern van die lesing.
Intimiteit en Eenheid
Spreek lewe. Kies lewe. Vergewe

Paar skrifte om byderhand te hou vir jou groepie.
1 Kor 11: 1-16, Kol 3: 18-25, Efes 5:22-33, Spreuke 5:15, Spreuke 18:21, Psalm 144:12 1 Petr 3:1, 1 Petr 3:1-7, 1Tim 3:4,Gen 1:26, Gen 2:18

Saambly is UIT!

- Hoe weet jy dit is die regte persoon?
- In jou gees voel jy dis 100%
- Dien die Here op dieselfde manier
- Hoor wat sê die ouers
- Kry inspraak van broers/susters
- Vra die opinie van standvastige vriende

Verstaan dat die vyand daarvan hou om gesinne op te breek, voorhuwelikse seks is ontoelaatbaar. Volgens die Bybel is dit buite egtelik. Weer saambly na egskeiding is ook buite egtelik. Ons noem dit saambly, die bybel praat van hoerery… dit is vir God ‘n baie ernstige saak.

**6. Heilige Gees:**

Heilige Gees is ‘n Persoon. Drie-Eenheid.
Simbole - Water, Vuur, Olie, Wind, Duif.
Funksies van die Heilige Gees- Joh 13:12-17 & 26, Joh 16:7-15

Helper
Leermeester
Herinner (nie gewete nie)
Lei in waarheid
Trooster
Bemoediger
Raadgewer
Intersessor
Advokaat


Trooster – Mat 11:28-30, Joh 14:26;27, Lei in die Waarheid – Openb 12:10, Oortuig – Sonde, geregtigheid, oordeel, Spreekbuis – Getuig hoe Heilge Gees jou lei…
Om God se stem te hoor, Hoe? Woord, wete, vrede, stem van mense, Sy stem, wag vir bevestiging.
Verheerlik God, getuig van Jesus, herinner ons aan Jesus se woorde.

Paar skrifte om byderhand te hou
Joh 4:16,17, Gal 4:6, Joh 16:7-15,Rom 8: 14-17, 29, Hand 1:8
Joh 3: 6, Joh 14: 12-17, 26-27,, Hebr 5:13,14, Gen 1:1,2,1 John 2:27

Bedieningstyd – Soos die GEES jou lei – wees voorbereid


**7. Dapper Harte:**
Vat al die lesings in 5 minute saam.
Motiveringslesing.
Word daders van die Woord.
Raak betrokke in jou gemeente, gemeenskap en werk.

Het nie groepie na die lesing nie.



SO 'N WIT BOBBEJAAN!!!

# 9.
# Hoe groei ek en raak betrokke by WIA



***Hoe groei mens in WIA:***

*Woon soveel kampe as moontlik by en raak bekend met inhoud en skriflesings van die lesings.*
*Na 3 of 4 kampe kan jy 'n waarnemer word en bietjie ervaar wat agter die skerms gebeur.*
*Daarna word jy hulpgroepleier vir 3 kampe, waartydens opleiding gegee word en gaan jy deur die evaluasie proses.*
*Word vrygestel as KGL – (Klein groepie leier)*
*Woon leierskampe by*
*Woon sprekerstoerusting kampe by*
*Kan dan opgelei word as spreker, as dit jou gawe is*
*Sprekers moet deel wees van die naweek en beskikbaar wees tydens naweek.*

***Hoe raak ek of enige kamper betrokke:***

- *Jy kan bid*
- *Jy kan soveel moontlik mense bring*
- *Jy kan mense borg vir kampe*
- *Jy kan betrokke raak by projekte om terrein op te gradeer*
- *Jy kan streke bemark by jou familie en Vriende*
- *Jy kan finansieël in die bediening saai*

# 10.
# Wat glo ons by Woord in Aksie

By WIA gebruik ons slegs die Afrikaanse ou vertaling, in engels die KJV en Amplified.

Moeilike vrae om te antwoord:

Het God dit gedoen – daardie slegte ding wat met jou gebeur?

*Jer 29:11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.*



Glo jy dit werklik? Is dit sigbaar in jou lewe?

- God het vir my NET goed in gedagte!
- Sê Hy enigiets negatief van Homself?
- Jaloers - Eks 20
- Haat sonde, maar het **sondaars** lief. Wat is jy? (nie meer sondaar, maar kind van GOD, en geregverdig ens.)
- Daarom skei ons die persoon en sy optrede van mekaar. (Dit gaan om Sy liefde en passie vir JOU!)
- ID : 844 1010 1210 - **Joh. 8:44, Joh. 10:10, Opb. 12:10**
- God van Liefde: Hy besit alle **kreatiwiteit, inisiatief**. Maak nie van vyand se metodes gebruik nie. **Jer. 32:27**
- Hy gebruik omstandighede, gebeurtenisse**, wat Hy nie veroorsaak het nie, om my te vorm,** te lei en onderrig, soms selfs te tug.
- Straf **vs** Tug
  Op Golgota het Jesus ons straf op Hom geneem, so God straf nie meer nie, maar Vader het riglyne in die Woord waarvolgens ons ons lewens moet lei, en indien ons nie daarby hou nie, sal tug wel die gevolg wees... maar dis nie straf nie. Dit is die gevolg van ons eie ongehoorsaamheid.

1. **<u>God werk volgens riglyne, beginsels</u>**.

*Joh 8:28 En Jesus sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit Ek is; en uit My self doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek.*

- Hy kan nie lieg nie. Num. 23:19 en daarom aanvaar ek dat Sy wil vir my lewe positief op elke terrein, in elke situasie, en area, al gaan dit rof in my lewe.
- Sonde **vir my** geword - 2 Kor 5:21 daarom kan ek vry wees.
- Vloek **vir my** geword - Gal 3:13 daarom is ek geseënd.
- Genade – dit wat ek ontvang wat ek nie verdien het nie, en barmhartigheid – dit wat ek **nie** ontvang het nie maar wat ek **wel** verdien het.

2. **Woord beginsels:Glo dit!! Doen dit!!**
    - Eie keuse t.o.v. lewe en optredes, ook **gevolge** van verkeerde keuses. GOD meng nie in nie. Mag van lewe en dood is in my tong – Spreuke 18:21
    - GOD het goddelike doel, plan vir my lewe as **unieke mens**.
    - Beginsels vir die huwelik bv die huwelik, leefwyse, finansies, gebed, vriende, kinderopvoeding, morele lewe, ens is in die Bybel. Al die situasies en tye verander. GOD se riglyne bly dieselfde. Daarom mag ek as Kgl by WIA nooit die geringste aanduiding gee dat egskeiding 'n oplossing kan wees nie. Dit sou beteken dat ek 'n streep trek deur **Jer. 32:17**, asook talle opmerkings in NT deur Jesus self, dat "**niks by GOD onmoontlik is nie**." Dit sou ook beteken dat ek as Kgl, Gos se Almag bevraagteken.
    - Rigtingwyser, pad aanwyser – Soms twyfel ek aan God se beheer, maar Hy is met my oppad na die groter prentjie, al kan ek dit nie nie nou sien nie.
    - Beskerming
    - Bly in Sy wil, vra dit, hy sal dit bekendmaak. **Jes.45:11** OV as voorbeeld.
    - Ken nie al die antwoorde, verklarings, maar wèèt GOD is 'n goeie Vader, en dat dit die vyand is wat wil slag, steel en verwoes.

As ek twyfel oor 'n antwoord vra raad by die mentors wat saam 'n antwoord bepaal.

4. **<u>Vergifnis en Vryspraak:</u>**



- ❖ Ons weet dat vergifnes en Vryspraak baie krag het.
- ❖ Antwoorde soos " ek kan nie," "my situasie is anders", "weet jy hoe dit voel om..." word soms gegee, persoon het dalk ALLE reg om so te voel, dit gaan nie om gevoel nie, dit gaan om gehoorsaamheid. "Forgiveness puts you in the class of Jesus." "Forgiveness is an act of obedience and has nothing to do with the temperature of the heart." (Corrie Ten Boom). Jou omstandighede is nie die aanduiding oor of jy moet vergewe of nie...
- ❖ Onvergifnis weerstaan ALLE ander werk in jou lewe. GOD se seën bly uit. Gebede bly onbeantwoord. Onvergifnes verhard jou hart om God se stem te hoor.
- ❖ Vra dalk die vraag: Kan jy nie, of wil jy nie? (comfortzone – dit kan dalk die plek word waar ek in selfbejammering my pyn bietjie troetel)

5. **<u>Vrae wat kampers soms vra</u>:**

- "Ek doen alles maar my man bly onveranderd". Hoor by die HG deel antwoorde soos: "moenie nou moed opgee nie, GOD gaan jou man omdraai " Moenie ophou om vir hom te bid nie, **sonder** om voor te skryf." Met haar. "Gee hom vir die Here, en hou jou hande af! **Staak al jou plannetjies**! **1 Petrus 3:1.** Bid as groep saam. **Mat. 18:19,20** is waar. Ons glo in gebed wat saamstem oor 'n saak.
- "My man doen steeds....." Antwoorde soos: "**Jy** is by die kamp, nie jou man nie. Jy is **net** vir jou eie optrede verantwoordelik, kom ons kyk watter planne kan ons nog maak vir jou optrede." Vetrou GOD vir kreatiwiteit. Hoeveel aandeel het jou man? 80%? Hoeveel aandeel het jy? 20% ? Kom ons werk op jou 20%

**6. Hoe lyk die wêreld om jou** ?

- Stukkende wêreld.
- Vlees en sonde is deel van ons wêreld.
- GOD dwing nie Sy wil af op mense nie; verkeerde, sondige keuses **bly** hul eie besluite. As ek Hom in nooi in my moeilike- / seer omstandighede, help Hy my om dit aan Sy hand deur te werk, en kom ek sterker, beter en meer toegerus ander kant uit.

**7. Vrae of bewerings wat teëgekom word:**

- Waar was God toe ....... gebeur het?" (Geliefde dood, werk verloor, ongeluk, nodig gehad het, seer, smart, ens)

  **Antwoord**: Op dieselfde plek waar Hy 2000+ jaar was toe Hy Sy gesig moes wegdraai vir Sy Seun aan die kruis, sodat ek en jy vry, sonder pyn, sonder verwyte, verlos, sonder aanklag, sonder oordeel, kan lewe. Hy ken jou hartseer, pyn, want Hy was self daar. Hy nooi steeds "Kom na My toe..." ook met jou pyn, verwyte. Onthou, Sy offer was **volledig**! Omdat Hy GOD is, bly Hy by Sy beginselbesluit om nie in te gryp in die wilsbesluite / keuses van mense nie, al weet Hy dis verkeerd – dronk bestuurders, kapings, plaasmoorde, molesterings ens.

- " 'n God van liefde tree nie so op nie, ... sou dit nie toelaat nie" (Probleme soos hierbo, maar uit die hoek van "Die liefdevolle GOD wat nie negatiewe dinge sal toelaat nie.")

  **Antwoord:** Die sondige, verkeerde optredes of besluite van mense wat negatiewe gevolge het, verander NIKS aan GOD se wese van liefde nie. Ons woon in sondige wêreld en Jesus het nooit gesê dat Sy kinders se lewe sonder pyn, ongemak, onreg, ens. sou wees nie. Hy belowe, **verseker** ons in
  **Jes. 43:1,2**dat Hy **in dit alles** by ons sal wees. Juis omdat Hy jou so lief het, wil Hy hê dat jy Hom deel van jou seer-pad sal maak. **MAAR**die keuse is joune!
  **God het aan my 'n wil gegee om te kies; indien Hy sou ingryp in my of enige persoon se keuse, word Hy 'n God wie se optrede veranderlik is, en dit kan nie so wees volgens die Bybel nie.**

  Dikwels is daar verkeerde keuses gemaak, en dan is daar negatiewe gevolge. Wees versigtig dat jy dit aanspreek en duidelik stel dat ons nie GOD kan blameer nie! (Voor en buite huwelikse seksuele verbintenisse waar daar dan kiddies is, siektes opgedoen word, ens)



- "Hoekom moes my geliefde sterf?"

**Antwoord:** Dood van 'n geliefde is **nooit** GOD se straf nie**. Joh. 10:10**

Almal gaan sterf, maar ons lewe in 'n sondige, nietige wêreld, die duiwel steel potentiaal, hoop en drome. Dood is nie finaal vir die gelowige nie.

Jy kan troos deur dit te hanteer:

**Hantering:**

- Wat sou jy graag vir die persoon wou sê?
- Wat sou jy graag wou hoor van die persoon? Sê dit hardop.
- Groet, neem afskeid en stap weg.
- Sien die persoon met Jesus (wees baie sensitief)
- Persoon in Hande van 'n baie regverdige GOD.

**8. Vrae aangaande Heilige Gees**:

Aangaande Heilige Gees ( weerstaan Op. 3:20)

**Bedroef**

As ek aanhoudend dieselfde sonde weer doen, TERWYL EK DIE KENNIS VAN DIE WAARHEID HET, maak ek Jesus se prys vir my goedkoop! Dis nie 'n optrede wat tot die dood lei nie, maar verseker **bedroef** ek Heilige Gees deur my optrede.

**Sonde teen Heilige Gees** (weerstaan)

As ek die waarheid aangaande GOD se verlossingsplan hoor, die riglyne in Sy Woord vir my verduidelik word en ek nogtans NIE 'n keuse maak om die Seun van GOD se prys vir my te aanvaar deur Hom aan te neem nie, is dit **sonde** teen Heilige Gees omdat ek sy liefdesaanbod minag! Dit is optrede wat tot die dood lei.

**Gewoontesondes**

As ek wedergebore is, is ek gered. Gewoontesondes kan my nie van my redding beroof nie, maar my keuse om ongehoorsaam te wees, veroorsaak dat ek nie by my roeping kan uitkom nie, want God het 'n plan en droom vir my. Dit veroorsaak dat ek my vrymoedigheid verloor om na Sy Troonkamer te gaan. Van my kant af bou gewoontesonde 'n muur tussen my en Vader, en net ek kan daardie muur afbreek. Van God se kant af sien Hy nie die muur nie, want Hy kyk na my deur die bloed van Jesus.



# 11.
# Geloofs Oortuiging van Woord in Aksie

- Ons glo in die oorspronklike geskryfde en God geinspireerde Ou en Nuwe Testament Bybel. Ons gebruik slegs die ou afrikaanse vertaling en in engels slegs die King James Version en die Amplified.
- Ons glo in die Drie Enige God, Vader, Seun en Heilige Gees (Gen 1:1,26 Matt 28:19, 2 Kor 13:14, Joh 14:16)
- Ons glo in Jesus Christus, ontvang as die Seun van God gebore deur die maagd Maria. Christus wat God is, in die mensevorm gekom en ‘n sondelose lewe kom lei het op aarde.
- Ons glo dat Jesus gesterf het vir ons sonde aan die kruis, as ‘n offer om mens met God te versoen. Ook dat elke mens wat hierdie offer aanvaar het en in Hom glo in Geregtigheid staan deur die werk van die bloed van kruis.
- Ons glo dat Jesus Christus na drie dae uit die dood opgestaan het, en nou sit aan die regterhand van God die Vader.
- Ons glo dat elke persoon wat Jesus Christus aanneem as hul persoonlike Saligmaker en Verlosser en wegdraai van hul sonde die ewige lewe sal beërwe. En dat hul wedergebore in hul Gees is.
- Ons glo in die Doop van Gelowiges, alhoewel die Doop lering nie deel uitmaak van ons lering oor ‘n naweek nie.
- Ons glo ook in die Doping van die Heilige Gees, maar glo ook dat hierdie laas genoemde twee gebeurtenisse vir elke gelowige in ‘n sekere stadium van hul geloofs wandel kom, en is dit ook nie deel van ons bediening oor ‘n naweek nie.
- Ons glo en onderwerp ons aan geestelike gesag, en staan tans onder die dekking van Pastoor Nevil Norden as ons Geestelike Vader.

*Ons bid dat jou lewe God se Woord in Aksie sal bring!! Mag jou wandel saam met ons baie geseënd wees.*